

Under the

umbrella



Werknemervoordele

Sanlam Umbrella Fonds Ledenuusbrief

Uitgawe 6

Julie 2011

INHOUD

1. *Aftrede: Maak jou somme en vind uit of jy genoeg sal hê*
2. *Meer geld in jou sak*

“Beleggers se aftreebehoefes bepaal hoeveel hulle vir aftrede moet spaar.”



Aftrede: Maak jou somme en vind uit of jy genoeg sal hê

Slegs 1 uit elke 4 afgetredenes tree met voldoende spaargeld af. Spaar jy genoeg?

Sowat 46% van mense naby aftrede glo dat hulle genoeg vir hul aftrede gespaar het. Maar net een uit elke vier afgetredenes (26%) tree in werklikheid met genoeg spaargeld af om sy of haar lewenstandaard ná aftrede te kan volhou. Is dit omdat afgetredenes nie geweet het hoeveel hulle vir 'n gerieflike aftrede moes spaar nie? Of is dit omdat afgetredenes nie vroeg genoeg vir hul aftrede begin spaar het nie?

Hierdie artikel werp lig op 'n paar aftreekwessies. Beleggers se aftreebehoefes bepaal hoeveel hulle vir aftrede moet spaar. Daarby verskil elke belegger se noodsaaklike en nie-noodsaaklike aftreebehoefes. Jou inkomste tydens aftrede behoort noodsaaklike sowel as nie-noodsaaklike behoeftes te dek.

Afgetredenes se behoeftes verskil en aftreebeplanning dek 'n lang tydhorison. Gevolglik is dit moeilik om afgetredenes se behoeftes vooruit te kwantifiseer. Die oplossing is om jou inkomste ná aftrede met jou inkomste vóór aftrede te vergelyk. Dit word die vervangingsratio genoem.

$$\text{Vervangingsratio} = \frac{\text{inkomste ná aftrede}}{\text{inkomste vóór aftrede}}$$

Die praktiese reël is om te mik vir 'n vervangingsratio van 70% tot 80% as

jy gerieflik wil aftree. Die feit dat hierdie verhouding minder as 100% is, word gegrond op die aanname dat afgetredenes se uitgawes tydens aftrede laer is. Hoewel uitgawes soos mediese sorg kan styg, val ander uitgawes soos die koste van kinders grootmaak (kos, klere, opvoeding, ens.) en verbandbetalings gewoonlik weg. Die nodige vervangingsratio sal uiteraard hoër wees as die afgetredene steeds vir sulke uitgawes moet betaal.

Die vraag is dus: Hoeveel moet jy elke maand spaar om 70%, 75% of 80% van jou inkomste voor aftrede te vervang? Die antwoord hang grootliks af van wanneer jy vir jou aftrede begin spaar, die opbrengs wat jy op jou spaargeld verdien en die rentekoers wanneer jy aftree.

Kom ons neem aan jy begin op ouderdom 30 spaar en jy wil op ouderdom 60 aftree, en jy spaar 21% van jou bruto inkomste voor aftrede. Kom ons aanvaar ook dat jy R340 000 bruto inkomste voor aftrede verdien, en dat die langtermyn-inflasieverwagting 5% per jaar is en die langtermyn-beleggingsopbrengs 8% per jaar is (inflasie + 3%).

Vervangingsratio	Spaar per maand
70%	21%
75%	22.5%
80%	24%
100%	30%

Hierdie berekening is op manlike lewens gegrond. Vrouelike lewens moet verwag om meer te spaar vir dieselfde vervangingsratio as mans.

Die verskil tussen die vervanging van 70% van jou inkomste voor aftrede en die vervanging van 80% van jou inkomste voor aftrede is 'n ekstra 3% spaar per maand. As jy 100% van jou inkomste voor aftrede wil vervang, moet jy 'n ekstra 9% spaar teenoor iemand wat 70% van sy inkomste voor aftrede wil vervang.

Hoe sal jou vervangingsratio afneem as jy uitstel om te begin spaar? Die tabel hieronder gee 'n idee van die afname in jou vervangingsratio as jy 5, 10, 15 of 20 jaar wag voor jy vir jou aftrede begin spaar. Die aanname is dat die persoon 22,5% van sy bruto maandelike inkomste voor aftrede spaar tot hy op ouderdom 60 aftree.

Ouderdom waarop jy begin spaar	Vervangingsratio
30	75%
35	58%
40	43%
45	31%
50	20%

Hierdie berekening is op manlike lewens gegrond. As alles dieselfde bly, moet vroulike lewens 'n laer vervangingsratio verwag.

Die gemiddelde daling in die vervangingsratio is 3% vir elke jaar van uitstel. Jy moet 'n ekstra 2% per jaar spaar vir elke jaar wat jy uitstel om vir jou aftrede te begin spaar. As jy op ouderdom 40 vir jou aftrede begin spaar, moet jy 42.5% van jou bruto inkomste spaar om 75% van jou inkomste voor aftrede te vervang. Dit is bykans die helfte van jou inkomste. Die meeste mense sal dit nie kan regkry nie. Die rand wat jy vandag vir jou aftrede spaar, is beter as die rand wat jy môre vir jou aftrede spaar. Hoe vroeër jy begin om vir jou aftrede te spaar, hoe gouer begin jy om rente op jou spaargeld te verdien. Dit sal jou help om 'n hoër vervangingsratio te behaal.

** Hierdie artikel is deur Glacier Business Integration voorberei.*

“Begin spaar sodra jy 'n inkomste verdien.”

Meer geld in jou sak

Deur René Roux, hoof van Sanlam Liquid

Suid-Afrikaners spaar te min. Al die skuld en prysstygings lei daartoe dat verbruikers minder geld in hul sak het, en gevolglik lyk spaar na 'n onmoontlikheid pleks van 'n noodsaaklikheid. Hier is maklike maniere om jou inkomste beter te bestuur sodat jy geld oor het om te spaar.

Werk altyd met 'n begroting

Alles begin by 'n begroting. As jy dit nog nie gedoen het nie, moet jy eers 'n

begroting opstel sodat jy presies kan sien waar jou geld elke maand heen gaan. Jou begroting sal vir jou uitwys waar jy te veel geld uitgee en waar jy kan spaar. Onderskei ook tussen noodsaaklike en nie-noodsaaklike dinge. Begin spaar sodra jy 'n inkomste verdien. Besluit op 'n realistiese bedrag vir vermaak en persoonlike uitgawes, en hou daarby. Gebruik genoeg tyd om jou maandelikse begroting op te stel en maak seker dat dit realisties en nie te beperkend is nie.



*“Beplan jou aankope en
koop net dit wat jy
beplan het om te koop.”*



Beheer jou kooplus

Dit is maklik om 'n swaarverdiende salaris op minder belangrike goed uit te gee in plaas daarvan om dit vir 'n moeite-werd doel te spaar. Omdat kaartbetalings so maklik is, is dit beter om jou kredietkaarte tuis te los en dit net vir noodgevalle te gebruik. Pas op vir luukse items wat soos noodsaaklikhede lyk en vir kontant wat verdwyn. As die kontant in jou beursie wegraak sonder dat jy iets daarvoor kan wys, moet jy begin oplet sodat jy weet waarop jy hierdie geld uitgee. Hoewel dit aanloklik is om meer geld uit te gee as welverdiende verhogings en bevorderings jou inkomste laat styg, is dit beter om hierdie geld te spaar.

Beplan jou aankope

Beplan jou aankope en koop net dit wat jy beplan het om te koop. Maak 'n inkopielys en hou daarby sodat jy nie te veel geld uitgee nie. Wanneer jy 'n duur item moet koop, vergelyk pryse by verskillende winkels. Vra altyd: Het ek dit regtig nodig? As die antwoord nee is, sit die item terug en loop weg. Hou minder kontant by jou en los jou kredietkaarte by die huis tensy jy beplande aankope doen.

Begin met klein veranderinge

Klein veranderinge lei tot groot besparings. Koop generies waar jy kan. Bring jou eie middagete saam werk toe. Kyk na jou selfoonrekening en maak seker jou kontrak is regtig kostedoeltreffend. Sny langafstandoproepe of bel wanneer dit goedkoper is. Eet minder uit en ontdek weer hoe kreatief dit is om self kos te maak. Koop die meeste van jou kruideniersware maandeliks plaas van weekliks sodat jy impulsiewe aankope kan verminder. Wag tot 'n fliek op DVD uitkom in plaas daarvan om te gaan fliek. Ons weet almal hoe duur 'n uitstappie na die flieks kan kos.

Begin om nou te spaar

As jy jou begroting behoorlik bestuur en nie geld op onnodige dinge mors nie, sal jy genoeg geld vir noodsaaklike uitgawes, 'n bietjie bederf en spaar hê. En as jy geld vir jou doelwitte spaar, kan jy 'n goeie opvoeding vir jou kinders of daardie eenkeer-in-'n-leeftyd vakansie in 'n werklikheid omskep. Die gevolg is 'n beter leefstyl vir jou en jou gesin! Onthou, dit is beter om 'n klein bedraggie elke maand te spaar as om niks te spaar nie.

Sanlam Lewensversekering Beperk is 'n gelisensieerde verskaffer van finansiële dienste.

KLIENTE INBELSENTRUM

Sanlam Umbrella Fund: (012) 683-3900

Sanlam Futura Umbrella Fund: (012) 683-3900

REGISTERED OFFICES OF THE FUND

**Sanlam Umbrella Fund: 2 Strand Road, Bellville,
PO Box 1, Bellville 7530**

**Sanlam Futura Umbrella Fund: 63 Lincoln Road, Bellville
PO Box 2853, Bellville 7530**



Werknemervoordele